Louis Nel

From: Elbie [elbie@ngkzn.org.za]
Sent: 18/10/2011 11:00 AM
To: Elbie
Subject: ePosduif 40 - Spesiale Uitgawe Algemene Sinode 2011

ePosduif 40

Elektroniese Nuusbrief van die NG Kerk in KZN
- Jaargang 9 -

18 Oktober 2011

Spesiale uitgawe – na afloop van Algemene Sinode 2011

- Algemene Sinodevergaderings in die toekoms
- Sinode brokkies
- Kerkbode laat sosiale media gons
- Ervarings en kommentaar van afgevaardigdes
- Besluite oor enkele belangrike sake

Algemene Sinodevergaderings in die toekoms

Die Algemene Sinode het besluit dat die vergadering voortaan uit 200 lede saamgestel word.
Die eerste 100 afgevaardigdes word saamgestel deur 10 persone uit elke sinode (5 dominees en 5 ouderlinge/diakens). Die ander 100 persone (ook ewe veel dominees en ouderlinge/diakens) word proporsioneel volgens die aantal belydende lidmate van die sinodes saamgestel.
Die volgende vergadering van die Algemene Sinode vind DV. in 2013 plaas.

Sinode brokkies

- Daar was vanjaar 64 afgevaardigde dames by die Algemene Sinode.

'n Aangrypende seremonie een aand gehou om erkenning te gee aan die rol wat boere speel om grondhervorming te laat slaag. Sowat 25 boere en vroue van boere het voor die sinodegangers vergader waar dr. Ben du Toit 'n gebed vir hulle gedoen het. Hy het gesê geen ander groep mense in die kerk het meer Rubicons as die boere oorgesteek om die nuwe Suid-Afrika te laat werk nie.

Baie interessant was die verteenwoordiger van 'n Gereformeerde Kerk uit Australië se opmerking: 'n Derde van sy gemeente se lidmate is oud-Suid-Afrikaners. Die helfte van sy kerkraad is hier by ons gebore. Maar beide hy en 'n verteenwoordiger uit NieuZeeland is baie bekommerd oor Suid-Afrikaners (veral jonges) wat net wegraak en vreeslik materialisties raak. Die man uit NieuZeeland noem dat party van die jonges by hulle net kerk toe kom wanneer hulle ouers uit Suid-Afrika daar is en dan spreek hulle gewoonlik die dominee op sy noemnaam aan, om die indruk te skep dat hulle ou-hande in die gemeente is. Bid vir ons kinders oorsee!

- Daar is tydens die verdaging 'n dokument uitgedeel wat baie vertel van die trant en die inhoud van die Sinode asook die pad vorentoe. Dit is nie 'n amptelik goedgekeurde dokument nie, maar is van groot waarde. Afgevaardigde Gert Kok het dit vir ons beskikbaar gemaak. Lees die **dokument** hier.

- Die volledige moderatuur van die 14e vergadering van die Algemene Sinode is:

❖ Prof Nelus Niemandt (moderator). Nelus is dosent in Sendingwetenskap aan die Universiteit van Pretoria (en gekoppel aan die Weltevreden Gemeente van die Hoëveld Sinode). Die moderator tree op as voorsitter van die vergadering.
❖ Dr Braam Hanekom (assessor). Braam is verbonde aan Stellenberg Gemeente in die Wes-en-Suid-Kaapland Sinode en is ook die moderator van hierdie sinode. Die assessor is die onder-voorsitter van die vergadering.
❖ Dr Johann Ernst (aktuarius). Johann is gemeenteleraar by Doornkloof in die Oostelike Sinode en is herkies in hierdie amp vir die Algemene Sinode. Die aktuarius hanteer sake rakende die kerkreg/kerkorde.
❖ Ds Nelis Janse van Rensburg (addisionele lid). Nelis is gemeenteleraar in Welgemoed in die Wes-en-Suid-Kaapland Sinode en is ook die assessor van die Wes-en-Suid-Kaapland sinode. 'n Addisionele lid word verkies om die dagbestuur (bogenoemde drie lede) by te staan in hulle take en besluite.

Kerkbode laat sosiale media gons tydens sinode!

Kerkbode se Facebook-blad het ongekende belangstelling uitgelok tydens verlede week se Algemene Sinode van die NG Kerk.
Jean Oosthuizen laat weet die blad se nuusvoer oor die sinode op Kerkbode se FB blad is tydens die sinodesitting van Maandag tot Vrydag altesaam 149 266 keer deur Facebook-gebruikers besigtig. Die week tydens die duur van die sinode is daar 1 381 keer deur lesers reageer op Kerkbode se nuusvoer of deur lesers aangedui dat hulle van 'n spesifieke pos gehou het.
Verlede Donderdag toe die Belydenis van Belhar en Kerkeenheid bespreek is (13 Oktober) was die blad op sy besigste. Die tweede meeste besoeke op een dag was die dag tevore toe daar onder meer gepraat is oor die doop, die bediening van bevryding en die huwelik en saamwoon.
Die meeste mense wat aangedui het hulle hou van Kerkbode se Facebook-blad was van Pretoria gevolg deur Kaapstad en Johannesburg. Daar was ook mense in die buiteland soos Namibië, die VSA. Nederland, Kanada, New Zeeland en enkele ander lande wat die NG Kerk se Algemene Sinode op Kerkbode se Facebook-blad gevolg het.
Altesaam 40% vroue en 56% mans het kom saamkuier op Kerkbode se Facebook-blad (die res se geslag is nie bekend nie). Agtien persent van ons besoekers was mans tussen 45 en 54 jaar met 11% vroue in daardie ouderdomnsgroep, gevolg deur mans (13%) tussen 35 en 44 jaar teenoor 10% vroue in daardie ouderdomsgroep. Sowat 24% van ons besoekers was mans en vroue tussen 13 en 34 jaar.
Kerkbode se Facebookblad kan besoek word by www.faceboo.com/kerkbode en Kerkbode kan op Twitter gevolg word by @kerkbode.

So het ons eie afgevaardigdes dit ervaar ...

Ons by die huis was en die beskikbare bronne gevolg het, was deurentyd onder die indruk van die oorweldigend positiewe terugvoer van wat verlede week by die Algemene Sinodevergadering gebeur het. Al die afgevaardigdes is gevra om hul ervarings eerstehands met ons te deel. **Lees hier** wat ons dusver ontvang het, in die volgorde waarin ons dit ontvang het.

Besluite van die Algemene Sinode 2011

- Doop: verbondsdoop, bekeringsdoop, doopviering
- Bediening van bevryding
- Huwelik en saamwoon
- Herkhereniging en Belhar Belydenis

Ervarings en Kommentaar van Afgevaardigdes

Pieter Raath - Soos ons vir mekaar tydens die afsluiting gesê het: Oor hierdie sinode doen mens nie verslag nie – mens getuig net.
Ek het rêrig in debat en besluit die werking van die Gees ervaar. As iemand tuis enige besluit negatief ervaar, praat eers met een van ons wat daar was – miskien, net miskien, sal jy ook hoor wat ons gehoor het en beleef wat ons beleef het. Dis nie ligtelik dat ek Handelinge wil nasê nie: Die Heilige Gees en ons het besluit! Natuurlik

het ek nie vir alles gestem wat goedgekeur is nie, maar ek aanvaar dit alles as deur die Here gewil. Baie, baie dankie dat julle my gestuur het vir hierdie besondere sinode-vergadering.
Ons Here is nog steeds in beheer van Sy kerk in NG-gestalte, en ons het nog steeds 'n wonderlike taak om hier te doen – begin net! Dit was my laaste algemene sinode en regtig 'n hoogtepunt vir my. Ek wens elkeen wat hier lees kan so iets beleef. Ek is die Here so dankbaar vir ons kerk en ek is en bly trots NG.
Alle eer aan God!

Ben van Dyk - Wat 'n belewenis! Die hele Algemene Sinode dans die lewe in saam met Izak Davel en "Lord of the Dance". Toe Izak op die eerste middag, aanvanklik huiwerig, maar toe met volle oorgawe lostrek met die woorde "I danced in the morning ...", het ons al geweet: hier kom iets groots. Met die afsluiting het die hele Sinode saam met Izak die lewe tegemoet gedans en die woorde van die lied uit volle bors – sommige met trane van vreugde in die oë – saamgesing:
"Dance then, wherever you may be
I am the Lord of the Dance, said He!
And I'll lead you all, wherever you may be
And I'll lead you in the Dance, said He!"
In sy seënbede aan die einde het die Moderator, Nelus Niemandt, ons toegebid om al dansend saam met Jesus te gaan lewe!
Algemene Sinode 2011: 'n Sinode waar ek duidelik die Here gesien werk het. Sy teenwoordigheid in die vergadering het die vergadering duidelik gelei in die besluitneming. Die tafelgesprekke waar ons geloofonderskeidend na die wil van die Here gesoek het, was een van die baie hoogtepunte! Nuwe vriendskappe is gesmee – en aan die einde kon ons as tafel in 'n klein kringetjie vir mekaar bid en die Here se seën vir die toekoms vra. En wie sal ooit die getuienisse vergeet van sommige sinodegangers: Ds Lettie Büchner wat met die nege maande oue Rosie in haar arms getuig het dat hierdie Sinode vir haar (en veral vir klein Rosie) hoop gee vir die toekoms; 'n Ouderling van Namibië wat gesê het dat niemand ooit weer in haar teenwoordigheid iets negatief van die kerk moet sê nie; en prof Malan Nel wat gesê het die volle sirkel van God is nou in sy lewe voltooi.
Dit was voorwaar vir my 'n wonderlike voorreg om die Sinode as afgevaardigde te kon bywoon en deel te kon wees van wonderlike besluite wat nuwe hoop bring, besluite oor versoening, oor kerkeenheid, oor belydenis, oor die wese van die kerk (missionale ekklesiologie), oor die groot rol wat lidmate in die kerk speel, oor hoop vir klein gemeentes, en nog baie ander. Dankie, Here!

Louis van der Walt - Op die foto is Petrus Moolman (klasmaat van my) Louis van der Walt, Nico van Rensburg(Liturg van Algemene Sinode)
Wat 'n voorreg om by die Algemene Sinode 2011 te kon wees. Kon bande vasmaak met klasmaats en ander bekendes. Die wonderlikste vir my was die geestelike belewenis van die Sinode. Nico met sy musiekspan en dekorspan het 'n ongelooflike aanbiddings atmosfeer geskep. Die verskillende elemente van die kerklike jaar was ongelooflik uitgebeeld. Om in so atmosfeer besluite te kon neem was 'n belewenis en 'n voorreg. Wat 'n vreugde om van so kerk deel te mag wees.

Hennie Hattingh - Dit was 'n baie groot voorreg om KZN by hierdie vergadering te kon verteenwoordig. Ek was deurgaans bewus van die teenwoordigheid van die Heilige Gees en so is ek baie rustig dat besluite wat geneem is korrek is, omdat dit onder leiding van die Heilige Gees gedoen is.
Om deel van die kerklike besluitnemingsproses oor uiters belangrike en sensitiewe sake te kon wees in hierdie dae, was vir my 'n besonder ervaring. Ek glo dat die NG Kerk op 'n vaste koers is vir die pad vorentoe. Die betrokkenheid en deelname van jong dominees en ook die vroulike deel van die afgevaardigdes was besonder insiggewend. In my jong dae op die eerste sinodes wat ek bygewoon het, het 'n jong dominee dit nie gewaag om sy mond oop te maak nie. Ek is dankbaar oor dit wat ek vanjaar beleef het rondom die betrokkenheid van die jong geslag in die kerk.
Wees gerus oor die NG Kerk. Ons is in goeie hande met ons leierskap, omdat hulle gehoorsaam is en wil wees aan die Hoof van die Kerk : Jesus Christus.
Dankie vir die voorreg om die Sinode van KZN by hierdie veragdering te kon verteenwoordig.

Tannie Rhona Naudé - Die mense was baie vriendelik en gasvry. Ek het baie geleer. Die kos en verblyf was uitstekend.
Lea van der Walt - Klein groepe (ses om tafel) was 'n belewenis. Ons het saam uit die Woord gelees, saam daaroor gesels en saam gebid. 'n Wonderlike gevoel van eenheid en saamdeel is beleef. Dit was 'n besondere Sinode wat 'n mens vir altyd sal onthou.

Gert Kok - Die Sinode het werklik 'n baie mooi gees geadem. Ek meen dit is die manier hoe christene met mekaar moet werk. Daar was soms baie ernstige verskil van opinie, maar mense kon mekaar vind en saam verder die pad loop.
Die groot aantal verteenwoordigers van ander Gereformeerde kerke wat groete oorgedra het, (ek het rofweg 14 getel en voeg daarby nog die verteenwoordiger van die RK kerk) was werklik baie kosbaar. Dit is goed om te weet dat daar baie ander gereformeerde gelowiges is wat saam die Here dien in hierdie land en wêreld.
Die geleenthede waar ons om die tafel saam die Woord oopgemaak en gebid het, het my diep geraak. Ons het saam herontdek dat die Here Jesus die Hoof van sy Kerk is, dat ons duur gekoop is, dat Hy ons na Hom toe roep en dan weer stuur na die wêreld om ons.
Die gesprek oor die doop het dit duidelik uitgelig dat alle doop Verbondsdoop is (ook volwassenes wat tot bekering kom). Dit is nooit mý handeling nie, maar God se handeling met my. Ons moet darem baie versigtig wees om by ons mense die verkeerde boodskap deur te gee met ons formulering van sake: Dit is mos nie waar dat dit die doopouers is wat hulle kind na die Here toe "bring" nie, maar dat hulle kom op Sy uitnodiging. Daaroor die mooi getuienis van ds Karin van Schalkwyk van Philippolis wat 'n oom van 80 jaar gekatkiseer het. Hy is as baba gedoop, maar het ver van die Here af geleef tot op sy oudag. Sy getuienis by sy belydenisaflegging was "die Here het 80 jaar gelede met my 'n afspraak gemaak toe ek gedoop is".

Ek sal soveel gelukkiger wees as ons volgende vergadering in meer eenvoudige omstandighede kan plaasvind. Die gerief en veral die heerlike kos was oorweldigend en heerlik, maar dit sal die kerk tot eer strek as ons met minder oor die weg kan kom. Ons dra op hierdie manier ook 'n getuienis uit. Ons kan nie op dieselfde manier vergader as die mense van ons land se "soustrein" nie.
Die Here het vir ons wonderlik begaafde mense in ons kerk as gawes gegee. Mag veral hulle wat hiervandaan moet voorloop, werklik Sy leiding beleef. Mag ons ander saam met ons voorlopers met baie groot toewyding aan ons Here Jesus, vir Hom volg in ons kerkwees van 2011 en verder.

Inhoudsopgawe

Besluite van die Algemene Sinode 2011

BESLUITE RONDOM DIE DOOP

DOOP
1. Die Algemene Sinode bevestig ons gereformeerde oortuiging dat die Verbondsdoop uitdrukking gee aan die grondwaarheid van die Evangelie dat God se genade en trou te alle tye ons gelowige aanvaarding daarvan voorafgaan en selfs omsluit.
2. Die Algemene Sinode vra daarom kerkrade en predikante om die gereformeerde verstaan van die verbondsdoop met oortuiging en deernis te verduidelik en te bevestig, ook aan lidmate wat ander oortuigings oor die doop huldig.
3. Die Algemene Sinode gee terselfdertyd erkenning aan die feit dat Christelike kerke nie almal dieselfde Doopbeskouing huldig nie, maar dat ons nogtans saam met mekaar deel uitmaak van die Kerk van Christus.
4. Die Algemene Sinode gee dankbaar erkenning aan lidmate wat ten spyte van hulle ander verstaan van die doop steeds lojaal bly aan die kerkverband en wil hulle verseker dat hulle 'n geestelike tuiste in die NG Kerk het.
5. Die Algemene Sinode vra opreg verskoning vir lidmate wat op een of ander wyse rondom die doop seergekry het, en nooi hulle uit tot onderlinge gesprek waar daar op pastorale wyse saam oor die saak gesels en gebid kan word.
6. Die Algemene Sinode verseker lidmate wat die NG Kerk vanweë hulle doopverstaan verlaat het, dat die NG Kerk 'n geestelik tuiste wil wees vir alle kinders van die Here en nooi hulle hartlik uit om hulle regmatige plek in hulle plaaslike NG gemeente in te neem en saam te werk aan die koms van God se koninkryk.

VERTREKPUNTE VIR GESPREK
1. Die Sinode is van oordeel dat die gesprek en beredenering oor die gereformeerde vertrekpunte van die doop deur die jare in die Nederduitse Gereformeerde Kerk deurdag is en 'n rykdom van teologie ontsluit.
2. Die Sinode bevestig weer dat die verbondsteologie sentraal staan in die beredenering van doopherdenking of -herinnering.
3. Die Algemene Sinode bevestig dat in gehoorsaamheid aan die verbondsbelofte van ouers, ouers en die

kerk verantwoordelikheid moet aanvaar vir die verbondsonderrig (kategese) van hul gedoopte kinders sodat hulle gelei word tot 'n toe-eiening van die heil (belydenisaflegging) wat nie aan 'n bepaalde ouderdom gekoppel kan word nie (soos tans in die kerkorde vasgestel word), en versoek daarom die Taakspan Kategese om die plek, aard en ouderdom vir belydenisaflegging te ondersoek.
4. Die Sinode besluit om niks by te voeg tot die gesprek oor die doop, kindernagmaal en kategese nie, maar wel net te fokus op die opdrag oor doopviering.

TERMINOLOGIE
1. Die Sinode beveel aan dat die kerk eerder die woorde doopherdenking of doopherinnering sal gebruik.

RIGLYNE VIR DIE HERDENKING/HERINNERING
1. Die Sinode bevestig dat die heil altyd en in alle omstandighede gevier moet word.
2. Die Algemene Sinode wys lidmate daarop dat die gereelde viering van die nagmaal die primêre plek van viering is.
3. Die Algemene Sinode bevestig dat die doopherinnering/viering nie as 'n her/weerdoop interpreteer mag word nie, maar direk met die verbonds-/christelike doop saamhang.
4. Die Sinode besluit dat gemeentes aangemoedig word om geleenthede te skep waar doopherinnering of herdenking deel word van lidmate en gemeentes se verhaal.
5. Die Sinode beveel aan dat sakramentsviering 'n groter rol binne liturgie, kategese en die erediens sal speel.
6. Dit staan Kerkrade ook vry om toepaslike rituele te vestig wat die behoefte van sulke lidmate opvang om simbolies uitdrukking te gee aan hulle sterwe en opstanding saam met Christus.
7. Hierdie rituele is nie Sakramente nie en vervang nie die Verbondsdoop nie.

OPDRAGTE RONDOM DIE DOOP
1. Die Algemene Sinode gee aan ADGO opdrag om 'n taakspan te benoem wat ondersoek doen na wyses waarop daar aan doopherinnering / doopherdenking gestalte gegee kan word.
2. AKLAS word versoek om die Sinode te bedien met 'n dokument wat die noodsaak van die verhouding tussen die doop as eenmalige toesegging in die heil en nagmaal as herhalende viering van die heil binne die verbondsteologie belig.

DIE BEDIENING VAN BEVRYDING

1 Die Algemene Sinode bely met blydskap die oorwinning van Jesus Christus oor al die manifestasies van die duiwel, bose magte, boosheid en kwaad in hierdie wêreld.

2 Die Algemene Sinode aanvaar dat hierdie oorwinning in baie gevalle nog nie ten volle sigbaar is nie, dat ons dikwels oorweldig is deur hierdie boosheid wat groter is as onsself, ook juis weens die swakheid van die mens, die verleiding van die sonde en die gebroke werklikheid.

3 Die Algemene Sinode aanvaar daarom dat ons as kinders van God nog steeds in 'n geestelike stryd gewikkel is teen die boosheid in al sy manifestasies in die wêreld, maar veral teen die kwaad wat in elke mens skuil.

4 Die Algemene Sinode bevestig weer eens dat dit van uiterste belang is dat die kerk sal leef vanuit die geloofsperspektief dat, hoewel die Bose gelowiges steeds bedreig soos 'n brullende leeu en versoek soos 'n engel van die lig, die bose deur die lewe, sterwe en opstanding van Jesus en die uitstorting van God se Gees oorwin en aan bande gelê is.

5 Daarom meen die Algemene Sinode dat enige sogenaamde bediening van bevryding wat die geloofswaarheid oor die lewe en werk van Jesus en die Gees van God misken, geen bediening van die evangelie is nie en ook geen vryheid bring nie.

6 Die Algemene Sinode moedig daarom alle gelowiges aan om deur die krag van die Heilige Gees (in die gees van die oorwinning van Jesus) die boosheid die stryd aan te sê deur spesifiek te fokus op die genadige verlossingswerk van Christus, sodat die kerk die ware kenmerke van Evangeliese gehoorsaamheid (liefde, genade, vergifnis en versoening) sal vertoon.

7 Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die

werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer.

8 Die Algemene Sinode oordeel dat die getuienis van leraars en lidmate van die NG Kerk dat hulle in hulle bediening wel mense teëgekom het van wie hulle oortuig was dat hulle deur bose magte of demone gedemoniseer was – en ook hulle getuienis dat 'n bediening van bevryding baie van hierdie mense van kwellings, vreesagtigheid, haat teenoor God en sy gebod bevry het – nie sonder meer afgewys moet word nie. Die Sinode aanvaar dat daar verskillende interpretasies is oor die werklikheid al dan nie van gedemoniseerdheid. Dit geld ook vir die interpretasie oor wie en wat agter bepaalde bevrydinge lê.

9 In die lig daarvan is dit die oordeel van die Algemene Sinode dat 'n bediening van bevryding as 'n buitengewone bedieningshandeling onder bepaalde voorwaardes toegelaat sou kon word eerder as om dit geheel en al te verbied. Die voorwaardes waaronder so 'n bediening toegelaat sou kon word, hou in dat:
9.1 die bediening van bevryding as 'n buitengewone bediening beoefen sal word en nie as deel van 'n roetine-pastoraat nie;
9.2 dit onder toesig van en met rapport aan die kerkraad en die ring gedoen word;
9.3 die persoon ook vir mediese evaluering verwys moet word. Daar rus 'n swaar verantwoordelikheid op persone wat so 'n bediening beoefen om mense nie skade te berokken deur siekte (onder meer psigiatriese versteurings) as besetenheid of gedemoniseerdheid te behandel nie;
9.4 daar met sorg gewaak word teen 'n animistiese verstaan van die skepping en teen die neiging om te dink daar skuil magiese kragte in sekere voorwerpe; teen lang konfronterende gesprekke met bose magte, asook teen die gepaardgaande triomfalisme wat straal uit sensasionele byeenkomste van bevryding;
9.5 daar verreken moet word dat die Gees van Christus in mense wat aan Christus behoort en sy Naam bely, leef. Bedieningspraktyke wat die algenoegsaamheid van die werk van Christus minag en daarmee die gereformeerde belydenis van die volkome verlossingswerk van die genadige God in Jesus op die spel plaas, word afgewys.

10 Die Algemene Sinode besef dat die verskillende kulture in ons land ons duidelik bewus gemaak het van die veel-fasettige aard van die siening oor die Bose; dat daar kontekste is waarin daar 'n werklike vrees vir eksterne bose magte is wat baie mense se lewens oorheers en dat hierdie lewenservaring ernstig opgeneem behoort te word. Die Algemene Sinode moedig daarom sy eie ampsdraers en lidmate aan, wat in sulke kontekste werk, om op verantwoorde wyse besondere aandag hieraan te gee met die doel om die radikale verlossingswerk van Christus met oorgawe te verkondig.

HUWELIK EN SAAMWOON

1. Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag en spreek sy waardering uit vir die kommissie se eerlike poging om verantwoordelik met hierdie kontekstuele saak om te gaan.

2. Die Algemene Sinode besef dat die huwelik soos ons dit vandag ken die produk van eeue se ontwikkeling is. Daarom kan sommige huweliksgebruike soos in die Bybel beskryf, byvoorbeeld leviraatshuwelike en die vrou as besitting, nie sonder meer dien as riglyne vir hoe Christelike huwelike vandag behoort te wees nie.

3. Die Algemene Sinode erken dat saamwoonverhoudings (wat die seksuele insluit) vandag 'n werklikheid in die samelewing is. Daar is verskillende redes waarom mense saamwoon. Sommige mense woon saam omdat hulle seksuele eksklusiwiteit nie as 'n belangrike aspek van 'n verhouding beskou nie. Hierdie verhoudings is weens die nie-permanente en selfsugtige aard daarvan, eties onaanvaarbaar.

4. Die Algemene Sinode is bewus daarvan egter dat daar ander redes is waarom ander pare saamwoon. Sommige woon saam met die argument dat hulle die huwelik hoog ag en daarom seker wil maak dat hulle in alle opsigte by mekaar pas, ook wat die seksuele betref, voordat hulle trou. Hierdie verhoudings reflekteer in baie opsigte die Bybelse waardes van liefde, respek en eksklusiwiteit en kan dus nie sonder meer afgewys word nie.

5. Die Algemene Sinode is nogtans daarvan oortuig dat die historiese ontwikkeling van die huwelik in die Bybel en in die geskiedenis vir ons duidelike riglyne bied van wat 'n Christelike huwelik is: 'n vaste, formele ooreenkoms tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag om hulle lewens in alle opsigte met mekaar te

deel in ’n lewenslange verbintenis waarin seksualiteit ‘n eksklusiewe karakter dra, geseën of bevestig deur die kerk, gesluit in die teenwoordigheid van getuies, sover as moontlik in die gemeenskap van gelowiges en verkieslik erken deur die staat as ’n wettige huwelik.

6. Die Algemene Sinode oordeel dat, in die lig van bostaande, gelowiges met reg die huwelik ’n gawe van God noem en dat seksuele gemeenskap buite so ’n vaste, formele ooreenkoms nie aan Christelike riglyne voldoen nie.

7. Die Algemene Sinode beskou die reëlings van mediese fondse en pensioenskemas wat voordele van mense ontneem wanneer hulle na die dood van ’n eggenoot/eggenote weer in die huwelik tree, as eties problematies en onderneem om nogeens met die betrokke owerhede hieroor in gesprek te tree.

8. Die Algemene Sinode wil mense wat in ’n etiese saamwoonverhouding leef en dus die Christelike norme vir die huwelik uitleef, aanmoedig om die verbintenis nog vaster te maak deur die kerklike en staatkundige aspekte ook in plek te kry.

9. Bostaande besluite word nie afsonderlik nie, maar deurgaans as ’n eenheid beskou oor die kerk se standpunt ten opsigte van die saamwoon van ongetroudes.

10. Die Algemene Sinode aanvaar dat al die implikasie rondom die bevestiging van ’n enkel kerklike huweliksverbintenis nog nie uitgeklaar is nie en daarom op hierdie stadium nie ten gunste van so ’n reëling nie.

PASTORALE VERSORGING
1. Die Sinode versoek leraars om in pastorale hantering van pare-in-verhouding, hulle met deernis te begelei van onvolledige verbintenisse na die omvattende, Bybelse verbintenis van die Christelike huwelik, en hierdie ideaal nooit af te water nie.

OPDRAGTE
1. Ons verwys vir ondersoek na ’n kommissie die vraagstuk van die veranderende seksuele raamwerk en seksuele waardes van ons gemeenskappe.

2. Die Sinode word versoek om ’n huwelikskursus te ontwikkel wat aan die jeug en ander vrywillig bedien word in die jaar na belydenis aflegging. Die oorsprong van huweliksprobleme word dan aangespreek en word die simptome (soos saamwoon) voorkom. Tans is die leiding vir die huwelik nie voldoende nie en word voorbeelde van ouers en die media slaafs nagevolg.

3. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Moderamen om weë te soek waarin daar met die staat en ander rolspelers in gesprek getree word om wyses te vind waar daar nie teen persone gediskrimineer word op grond van die voortgaande voordele verbonde aan mediese fondse en pensioenskemas nie.

DIE HUWELIK SE ROL EN PLEK
1. Die Algemene sinode bevestig die plek en waarde van die Christelike huwelik in die kerk en die gemeenskap en motiveer leraars en lidmate om die duursaamheid daarvan te bevorder.

2. Die Algemene sinode versoek leraars en lidmate om gesonde huwelike aktief te bevorder en moeite te doen met huweliksvoorbereiding en huweliksverryking, omdat die idee en praktyk van huwelike verskraal het.

3. Die Algemene Sinode motiveer gemeentes om jaarliks op die tweede Sondag van Februarie wêreldhuweliksdag te vier.

KERKHERENIGING

DIE BELYDENIS VAN BELHAR (EN LAUDIUMDEKLARASIE)

1 Ons is na ons konsultasieprosesse deeglik bewus daarvan dat
(a) ’n groot deel van die gemeentes en lidmate van die NG Kerk weens ’n verskeidenheid van faktore nie die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif wil aanvaar nie. Dit is baie belangrik dat ons oor al hierdie faktore

sal praat sodat ons nie “by die verlede stilstaan nie” (Jes 43:18), maar saam kan fokus op ons roeping vandag en in die toekoms. Ons verbind onsself hiertoe (vgl AS Besluit 2004).
(b) hierdie verskille kan oorbrug word deur ‘n deeglike studie te maak van Belhar self.

2 Soos ooreengekom met die Taakspan van die WBGK (nou die WGGK) is ons verbind om deur middel van ’n gesamentlike taakspan met die VGKSA weer deeglik te besin oor hoe ons saam in beide kerke met mekaar oor hierdie Belydenis kan praat.

3 Ons is steeds oortuig dat die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar (ons verbintenis aan die Bybelse getuienis oor God Drie-enig, oor die eenheid van die kerk, oor geregtigheid en versoening) baie wyd aanvaar word (vgl AS besluit 1998).

4 Omdat die Belharbelydenis 'n belydenisskrif van een van die Familiekerke is, stel ons voor dat dit as een van die belydenisskrifte in die herstelde kerkverband opgeneem word. Dit impliseer nie dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate van die nuwe verband dit vanselfsprekend as belydenisskrif hoef te aanvaar nie.

5 Die volgende formulering van die belydenisgrondslag (met inagneming van pt 4) vir ’n herenigde kerk word aanvaar as basis vir onderhandeling met die familie van NG Kerke:

1. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, geskied in gemeenskap met die belydenis van ons voorgeslagte soos dit verwoord is in
1.1 die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius waardeur die Kerk haar verbondenheid met die algemene christelike Kerk uitdruk, en
1.2 die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls waardeur die Kerk haar verbondenheid met die gereformeerde tradisie uitdruk.
2. In verbondenheid met ons eie konteks erken ons die Belydenis van Belhar.
3. Die Kerk erken die betekenis van die Laudiumdeklarasie vir ons missionêre karakter.
4. Die Kerk aanvaar dat die taak van die kerk in belydenisvorming nie afgehandel is nie. In die toekoms mag veranderde omstandighede en ’n beter verstaan van die Woord van God lei tot die aanvaarding van verdere belydenisskrifte of die wysiging van bestaande belydenisskrifte.

MODEL: 'N VERENIGDE KERKVERBAND VAN SELFSTANDIGE PLAASLIKE GEMEENTES
1 Ons besluit dat die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel as model vir die organisering van die nuwe een kerkverband gebruik word. Dit beteken dat al die gemeentes as selfstandige gemeentes ingevoeg word in ringe, sinodes en een algemene sinode.
2 In die proses moet ruimte gelaat word vir onderhandeling, nuwe moontlikhede en 'n groei na mekaar en samevoeging van gemeentes.

GEMEENTES SE REG OM HUL OOR HUL EIE WERK TE BESLUIT, WORD ERKEN
Al die bestaande gemeentes van die verenigde verband sal so behoue bly en almal saam die gemeentes van die nuwe verband wees. Gemeentes is onderling oop vir bywoning en lidmaatskap. Waar meer as een gemeente in dieselfde gebied val, staan dit gemeentes vry om hulle onderlinge sake en samestelling spontaan en sonder voorskrif of dwang te reël volgens plaaslike behoeftes. Kerkrade funksioneer binne die gereformeerde aard in terme van hulle besluitnemingsbevoegdheid oor gemeentes.

DIE BELYDENIS VAN BELHAR

Die Algemene Sinode besluit om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die NG kerk se belydenisgrondslag te maak en dra dit aan die Moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse hiervoor in werking te stel.

Nota:
(Die “kerkordelike proses” wat tot die insluiting van die Belhar-Belydenis in die belydenisgrondslag van die NG Kerk kan lei, behels die volgende:
Per besluit moet twee-derdes van kerkrade Belhar met 'n twee-derde stem goedkeur, waarna al die streeksinodes dit ook moet goedkeur.
Sowat 90% van die vergadering het ten gunste van die besluit gestem.)

Inhoudsopgawe

Nie-amptelike dokument : Belydenis van die Vergadering 2011

Algemene Sinode
Boksburg
Vrydag 14 Oktober 2011

Belydenis

Die NG Kerk dank ons God dat ons in so ‘n uitdagende tyd, binne ‘n Suider-Afrikaanse konteks saam met ander kerke, God se kerk mag wees. Sy liefde en genade is sonder twyfel groot.

Die NG kerk besef en het uit die geskiedenis geleer, dat ons net werklik kerk van God kan wees as ons onsself prysgee en Hom volg. Die Drie-Enige God stuur ons sy wêreld vol as getuies van sy liefde vir hierdie hele skepping.

Daarom:

roep ons gemeentes op tot ‘n lewende verhouding met God, waarin ons onsself oopstel om gevorm te word deur die Woord van God sodat ons in afhanklikheid van die Gees biddend gevorm word tot mense met ‘n outentieke leefstyl en ‘n geloofwaardige getuienis.

reik ons uit na ander geloofsgemeenskappe. Ons bid en werk onverpoos voort aan die organiese en strukturele eenheid binne ons eie familie van kerke. Ons gaan verbintenisse aan met ander kerke van Gereformeerde belydenis en werk graag saam met ander Christelike kerke en wanneer die omstandighede daarom roep, ook met ander geloofsgemeenskappe. As kerk wil ons ‘n ruim huis wees, sonder die prysgawe van ons Gereformeerde identiteit.

ly ons onder aanslae en ervaar daagliks hoe ons land getreiter word deur misdaad, geweld en korrupsie. Ons gemeenskappe is arm, werkloosheid is groot en moedeloosheid kenmerk baie van ons jongmense. Ons roep die staat op tot die uitvoering van sy verantwoordelikheid, ook tot die bewaring van ons brose demokrasie. Terselfdertyd verbind ons ons steeds tot die bekamping van sedeloosheid. Ons beloof om in die lig van ons roeping mee te werk aan die vestiging van waardes wat ‘n vreedsame samelewing ‘n werklikheid kan maak en om daadwerklik mee te werk aan die verligting van ellende. Ons erns tov eenheid, versoening en geregtigheid word versterk deur die Belydenis van Belhar as deel van ons belydenisskat by gemeente aan te beveel. Ons wil alle gemeentelede wat op talle plekke die gemeenskap onbaatsugtig dien omdat hulle hulle roeping as gestuurdes ernstig opneem, vir hulle getrouheid bedank.

bely ons ons bestaan nie ter wille van onsself nie en weet ons dat ons die sout en lig vir die wêreld is. Ons is die suurdeeg wat die plig het om die tekstuur van ons samelewing te verander. Hierdie hoë roeping is nie vir ons ‘n las nie maar ‘n vreugde. Ons is die jeugdige bruid van Christus wat by wyse van ons eredienste, aksies en optrede die toekoms tegemoet dans deur die aantrek van die fyn linne van dade van geregtigheid.

erken ons ons sondigheid en onvermoë om lief te hê soos wat God wil hê ons moet liefhê. Ons sukkel elke dag daarmee in ons omgaan met mekaar. Ouers kry seer, kinders kry seer, gemeenskappe ly en ons integriteit is telkens op die spel. Ons vra hulle wat seerkry onder ons liefdeloosheid, om vergifnis. Ons staan nakend voor God.

Mag God sy wil hoe langer hoe meer aan ons openbaar en ons daagliks nuut maak om soos Hy te lyk, te praat en te dien.

Net die Bybel. Alleen deur genade. Slegs deur geloof. Uitsluitlik Christus. Aan God die eer.

Inhoudsopgawe